
## ALMAL SAL JESUS SIEN KOM

Lees: Matteus 24:29-31
Teks: Openbaring 1:7c

- Toe Jesus in Betlehem gebore is, het 'n klein groepie mense dit gesien. Net Maria en Josef (Luk.21-7), 'n klein klompie skaapwagters (Luk.2:16-20), Simeon en Anna (Luk.2:25-40) en later ook die enkele sterrekykers uit die Ooste (Matt. 2:1-12).
- Toe die Here Jesus na die hemel opgevaar het, het net die 11 dissipels dit gesien (Hand.1:9).
- Maar as Jesus weer kom sal al die mense Hom sien (Op.1:7).
  Jesus sê: "Dan sal die mense die Seun van die mens op die wolke sien kom" (Mark.13:26; Matt.24:30). Waar die eerste koms van Jesus in Betlehem en die hemelvaart van die Olyfberg af in Jerusalem grootliks gereserveer is vir die oë van gelowiges alleen, daar sal **alle mense** Hom sien as Hy weer kom. Die mens leef gesentreerd met sy oë op homself en die wêreldjie om hom gerig. Dit gaan by die mense net om die klein kringetjie van sy eie bestaan. Die mens wat van God vervreem is, het in elk geval net oë vir hulle eie behoeftes, begeertes en luste. Allerweë word gekla dat die moderne mens nie perspektief en uitsig het nie. Die horisonne van sy bestaan het ingekrimp tot 'n klein kringetjie rondom homself. Die plafon van die heelal bokant hom het gesak tot 'n paar sentimeter bo sy eie bestaan. Baie ken God nie. Ander wat Hom ken sien Hom nie meer raak in sy liefde, barmhartigheid, genade en seëninge nie. Maar die dag as Jesus terugkom om te oordeel sal almal Hom sien.
- Al sal sy wederkoms plotseling en onverwags wees (Matt.24:27), elkeen, waar hy ook al mag wees, sal Hom sien en herken.
- Want Christus sal op die wolke kom met trompetgeskal (1 Tess.4:16) begelei deur 'n skare engele (Matt.25:31).
- Met krag, heerlikheid en oorwinning sal Hy as Koning aankom op die wolke (2 Tess.1:7), Matt.24:30; Mark.13:26).
  Almal was Jesus Christus in hulle lewe geïgnoreer het, sal met hulle eie oë die waarheid kan sien van die Evangelie wat aan hulle verkondig is. Die gelowiges sal Hom sien met groot vreugde, blydskap en dankbaarheid (Hebr.9:28). Die ongelowiges sal Hom sien en sidder van vrees (Op.6:16).

*Dr. Nico van der Merwe*




# SIMBAAL

"Prys Hom met galmende simbale"
[Psalm 150:5]

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord**
[Webadres – http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/]

| Jaargang 6 | Sondag 6 Maart 2011 | Nommer 8 |
|---|---|---|


## IS VERGEWE VIR JOU BAIE MOEILIK?

Bid jy gereeld: "*Vergeef my my oortredings soos ek ook dié vergewe wat teen my oortree*" [Matt. 6:12]. Is dit waar wat jy bid? Vergewe jy? As jy sonder vergewing is teenoor mense wat teen jou oortree, "*sal julle Vader julle ook nie julle oortredinge vergewe nie*" (Matt 6:15). *Onversoenlikheid* bewys dat daar iets kortkom in jou verhouding met die Here. Wie daarin volhard om vir sy naaste kwaad te wees en nie te vergewe nie, het geen deel in die koninkryk van God nie. ***Dit is 'n baie, baie groot sonde om nie te vergewe nie*** (Matt.7:1-2; Matt.18:21-35; Ef.4:32; Kol.3:13). Jy kan nie maar haat wie jy wil nie. Jy kan nie in kwaaivriendskap blý lewe nie. Jy kan nie 'n standhoudende wrok teen iemand in jou hart blý omdra nie. Jy kan nie soos jy lus het vir iemand bly kwaad wees sonder om te vergewe nie. Daaroor praat God in die Bybel. Die Here wil nie hê dat sy verloste kinders só met mekaar moet saamleef nie ..... nie eers met jou vyande nie (Matt 5:44). Die bloed van Christus tot vergewing van jou eie sondes, vra jy maar jou vyand se bloed die wil jy tot die laaste druppel eis uit wraaksug en vergelding.

- *Onversoenlikheid* is 'n ***uittarting*** van God se lankmoedigheid **en** liefde**.**
- *Vergewingsweiering* is 'n ***kansellering*** van die liefdeseis van die kruis.
- *Vergewingsloosheid* mis elke faset van bekering.
  As jy onversoenlik is, as jy nie wil vergewe nie, is jy vasgevang in die sonde van selfhandhawing, selfverheffing, hoogmoedigheid, verwaandheid.

- Vergewing gaan gepaard met 'n geloofsgesprek oor die gedane kwaad.
- Vergewing hou vermaning, waarskuwing, teregwysing in.
- Vergewing wys op die tekorte en die gebrokenheid.
- Vergewing is kwytskelding met die rooi hale nog warm oor jou rug.
- Vergewing is eg en diep en opreg en eerlik en oorgegewe.
- Vergewing is nie uitsoekerig nie.
- Vergewing is 'n goddelike opdrag [Mt. 18:25; Mk.11:25; Ef. 4:32].
- Vergewing is die leuse van die kruis.

*Dr. Nico van der Merwe*

## KOLLEKTES

| Datum | By die diakens | Sakkies by die deure |
|---|---|---|
| 6 Maart | Barmhartigheid | Sustentasiefonds |
| 13 Maar | Barmhartigheid | Trans-Oranje Instituut |
| 20 Maar | Barmhartigheid | Trans-Oranje Instituut |
| 27 Maar | Barmhartigheid | Publikasies Tekenskoo |



## GEMEENTEPROGRAM

Sondag 14 Maart tot Saterdag 20 Maart 2010

| | | |
|---|---|---|
| Sondag 6 Maart 2011 | Oggenddiens | 09:30-10:3 |
| Sondag 6 Maart 2011 | Katkisasie – Les | 10:30 |
| Sondag 6 Maart 2011 | Erediens | 18:00-19:0 |
| Donderdag 10 Maart | Inbetaling Bydraes | 17:30 |



## TEESKINKBEURTE

| | |
|---|---|
| Sondag 6 Maart 2011 | Wyke 15 & 16 |
| Sondag 13 Maart 2011 | Wyke 17 & 18 |
| Sondag 20 Maart 2011 | Wyke 19 & 20 |
| Sondag 27 Maart 2011 | Wyke 21 & 22 |



## Verjaarsdae

| | |
|---|---|
| 8 Maa | Johan Schoeman |
| 8 Maa | Hennie Fourie |
| 11 Maa | Anna Jansen |
| 12 Maa | Amanda van Eck |

Ons wens u 'n geseënde dag toe. Mag u die Here se teenwoordigheid daagliks ervaar.



Laat asseblief weet as die besonderhede van bostaande verjaardae nie korrek is nie of as u naam per ongeluk uitgelaat is. Ons stel dit met graagte reg! Die redaksie werk met 'n verouderde gemeentelys.

✠ *Deur jou seëninge te tel, sal jy nie tyd oorhê om ander se gebreke te tel nie.*

✠ *Goed begin verloor sy waarde as dit daar ophou.*






✠ *Vroomheid sonder bysmaak is alleen vir jou moontlik, wanneer "Gods genade" vir jou genoeg geword het.*

✠ *God seën die werk van die eerlike arbeider, maar God doen nie die werk vir hom nie.*

✠ *God verkies die mens tot sy heilige diens nie op grond van die mens se diens aan God nie, maar hy kies die mens op grond van God se diens aan die mens in Jesus Christus.*



’n Eenvoudige sommetjie spreek boekdele: As elke belydende lidmaat in die GKSA by elk van die 6 kollektes slegs R5 bydra, dan sal ons
meer as die R2 056 000 wat nodig is vir die Studentekas beskikbaar hê – genoeg om in al ons studente se behoeftes te voorsien.

Die afgelope jaar was die gemiddelde bydrae per lidmaat egter minder as R2.
Ons rig hiermee ’n pleidooi tot u as kerkraad om lidmate ernstig aan te spoor en op te skerp om ruim tot die Studentekas by te dra. Dit is noodsaaklik dat lidmate maar gedurigdeur herinner word aan die verantwoordelikheid van die kerke ingevolge artikel 19 van ons Kerkorde om nie net studente te voorsien wat in die Teologie studeer nie maar om hulle ook te ondersteun. Elke bydrae vir die Studentekas dra daartoe by dat daar in die toekoms genoeg Woordbedienaars sal wees vir die kerke maar ook om uit te gaan en die evangelie in die wêreld uit te dra.

Baie dankie vir u aandag.

U broer in Christus,

Gert (Jorrie) Jordaan.
Rektor TSP.

## EN DAN?

'n Professor sê aan een van sy studente: “Nou ja, nou is jou Universiteitsloopbaan verby.” “Ja”, antwoord die student, “ek het vandag my graad gekry”.
Professor: En wat nou?
Student: En nou gaan ek werk en 'n fortuin maak en beroemd word.
Professor: En dan?
Student: Dan sal ek aftree, rondreis, die lewe geniet en die wêreld sien.
Professor: En dan?
Student: Dan sal ek die ouderdom geniet en ook sterwe.



## Susters



<u>Saamroepster vir Maart</u>: Santie van der Westhuizen
<u>Koekies / Lekkernye vir die Kinderhuis:</u>
Maart: Wyke 26 – 28 en 1 & 5

**<u>Uit die Woord</u>**
**Sou hulle teen U sondig, want daar is nie 'n mens wat nie sondig nie, en U in u verontwaardiging hulle aan 'n vyand oorgee, sodat hulle as gevangenes weggevoer word na die vyand se land toe, ver of naby, en hulle daar in dié waar hulle gevangenes is, tot inkeer kom en hulle weer tot U wend en U daar in die land van hulle gevangenskap smekend aanroep: ‘Ons het gesondig, ons het verkeerd gedoen, ons is skuldig’.**
**[1 Konings 8:46-47]**

**<u>Wyse Woorde</u>**
**Die meeste mense verwag baie van Bo, maar talle stuur min daarheen terug, behalwe 'n vinnige dankgedeelte van 'n gebed wat 'n lang bestellingslys voorafgaan of afsluit.**
**[E.A. Boshoff].**

## WAT SAL EK PREEK?

'n Jong predikant in 'n universiteitstad was effens skrikkerig vir sy nuwe, hooggeleerde gemeente. Hy het sy bedenkinge aan sy pa vertel: “As ek in my preek iets oor geologie wil sê, is daar 'n professor wat my kan weerspreek. As ek by wyse van illustrasie iets uit die antieke geskiedenis wil aanhaal, is daar 'n ander professor wat my onkant kan

betrap. En as ek na die letterkunde verwys, is daar talle wat my kan kritiseer. Wat moet ek doen?"
"Preek die Evangelie, my seun", het die eenvoudige pa van die seun geantwoord, "hulle weet moontlik nie veel daarvan af nie."



## LIEF EN LEED

- Verlede Sondag was 'n groot dag vir br. Willem en sr. Jeanette de Jager, toe hul agterkleinkind, Kayden Kruger Osborne, in die Hervormde Kerk Potchefstroom gedoop is. Hulle kleinseun, De Wet, en sy vrou, Tracy, het spesiaal van London af gekom vir die doop van hul seuntjie. Ons hartlike gelukwense gaan aan oupa- en oumagrootjie – mag Kayden nog groot vreugde bring vir die hele familie.

- Ons dink steeds met deernis aan Oom Kosie Smit (Sunningdale) en die Van Jaarsveld-tweeling (Wilmed) wat nog hospitaalbehandeling ontvang. Mag die Here julle in die tyd van beproewing met sy Gees vertroos en versterk. Baie sterkte aan die families wat naaste aan hul is.

## MERK DIE DAG!

Omkring solank die datum Saterdag 16 April in u dagboek! 'n Gemeentebou-uitstappie word vir die dag beplan!

## GESAG EN VRYHEID

***Gesag*** (gehoorsaamheid) en ***vryheid*** (verantwoordelikheid) is so nou met mekaar vervleg dat 'n mens nooit mag sê die een begin waar die ander ophou nie.

Ook mag die een nooit teenoor die ander gestel word nie, want ten diepste is die een van die ander afhanklik.
Tereg het iemand gesê: Gehoorsaamheid sonder vryheid is slawerny; vryheid sonder gehoorsaamheid is selfgebondenheid in sy ergste vorm.

Uit: Gaudeamus Igitur



## TEOLOGIESE SKOOL SE FINANSIËLE BEHOEFTES

Die Teologiese Skool in Potchefstroom ontvang elke jaar met groot dankbaarheid die kollektes wat die kerke gee vir die Teologiese Studentekas. Ons weet dat die gemeentes daarmee uitvoering gee aan die bepaling van artikel 19 van die Kerkorde dat die kerke die teologiese studente moet ondersteun. Ons ontvang die kollektes egter ook as bewys van welwillendheid en liefde.

Die doel van hierdie brief is om u in te lig oor die stand en hantering van die Studentekas. In die lig daarvan rig ons dan 'n dringende versoek tot u ten opsigte van die kollektes vir die Studentekas.

1. Die Teologiese Studentekas

Die Teologiese Studentekas word geadministreer deur 'n Kommissie vir Finansiële Ondersteuning (KFO), wat saamgestel is deur personeel van beide die Teologiese Skool en die Administratiewe Buro. Hierdie Kommissie gebruik elke jaar se Studentekas-kollektes vir teologiese studente wat om finansiële ondersteuning aansoek doen.

Die KFO vind dit egter moeilik om die beskikbare fondse altyd en oral met billikheid toe te ken, veral omdat die aansoeke elke jaar die bedrag van die kollektes ver oorskry. Om net 'n idee te gee: Die Studentekas-kollektes het in 2010 die totale bedrag van R815 730 opgelewer. Daarvoor is ons baie dankbaar. Die aansoeke vir 2011, wat uit hierdie kollektes befonds moet word, het in totaal egter op R2 056 000 te staan gekom. Die beskikbare fondse kan dus vanjaar in slegs 40% van die behoeftes voorsien.

Die gevolg van die ontoereikende fondse vir die Studentekas was die KFO verplig om in 2011 toekennings te beperk tot die studente se registrasie- en

klasgeld. Daar was nie geld om ons studente ten opsigte van verblyf en ander lewenskostes te ondersteun nie.

**Daarom doen die Teologiese Skool 'n ernstige beroep op u as kerkraad om lidmate daartoe aan te spoor om mildelik by te dra elke keer wanneer daar in u gemeente vir die Studentekas gekollekteer word.**

(Vervolg op bl. 10)



# ... Lees in hierdie uitgawe van *Die Kerkblad*




- **Dit is 'n moeilike saak om kerk te wees en in die kerk te werk as mense geen oortuiging meer het dat dit alles volgens God se plan en wil moet geskied nie.** Dr. Nico van der Merwe **skryf oor geloofsoortuiging.**
- **Dit is onhoudbaar dat die regering van die lewende Here – waardeur die greep van sonde en dood gebreek word en nuwe opstandingslewe in dooie harte opgewek word – afgemaak word as iets wat mense se vryheid inperk. Lees meer hieroor in die *Brandpunt*-artikel van** prof. Fritz de Wet.
- **Die duiwel wil so graag hê ons moet met bitterheid in die gemoed leef. Dit maak van ons negatiewe, swartgallige mense. En dit is hoogs aansteeklik! Lees in een van die fokusartikels (deur** dr. Francois Kruger**) hoe 'n mens bitterheid in die gemoed moet hanteer.**

EN NOG BAIE MEER

Teken in op Die Kerkblad!

Skakel Angie Mokobi by (018) 297 3986 vir meer besonderhede; e-pos tydskrifte@gksa.co.za



## GESONDHEID VAN DIE SIEL

3 Johannes vers 2

*"Liewe Gaius, ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan."*

Liggaamlike gesondheid maak die lewe vir die mens baie makliker, gemakliker en dit maak vir 'n bejaarde wat 'n hoë ouderdom bereik het die lewe 'n fees. Dit gaan in die lewe egter nie net om *liggaamlike gesondheid* nie, as ons kyk na die oorheersende plek wat die mediese wêreld in die lewe van mense inneem. Dit gaan in die lewe ook om *geestelike gesondheid*; of ons kan ook praat van gesondheid van die siel. As jy iemand groet behoort jy eintlik nie net te vra "Hoe gaan dit?" nie, maar jy behoort te vra: "Hoe gaan dit met jou liggaam en hoe gaan dit met jou siel?" Die siel van die mens word geskend van die oomblik dat die sonde ingetree het met die sondeval in die paradys deur Adam en Eva. Die verskriklike kwaad ontheilig egter die hele lewe van die mens. Dit laat jou voor God staan in die allerdiepste omvangryke en onberekenbare sondeskuld. As gelowige leef jy daagliks in 'n wêreld tussen mense wat besoedel is met die sonde. Dit is mense met die swakste weerstand teen die kwaad. Die feit is dat jy baie gou ly aan sielsbesoedeling. Mense kan met die dringendste maatreëls kom teen mediese kwale en omgewingsbesoedeling. Dit bereik naderhand die situasie dat die mense hulle meer beywer vir die omgewing se besoedeling met plastieksakke en ander gemors as wat

hulle enige maatreël aanwend om sorg te dra vir siels-besoedeling. As jy na die binnenste van jou hart kyk en die invloed wat dit op jou lewe het, weet jy dat jy sielsgewys 'n krisistyd belewe. Die enigste raad vir hierdie besoedeling is die Woord van God en die werking van die Heilige Gees.

*Dr. Nico van der Merwe*



## 55-PLUSSERS SPAN UIT

Vroeg-vroeg Saterdag 26 Februarie 2011 was Francois en Christa Snyman al op pad – na Hannes Pelser se plaas toe om die beesstert- en hoenderpotjies aan die gang te kry. ‘n Paar uur later het die res van die 55-Plussers opgedaag. Dit was ‘n perfekte dag, ook wat die weer betref. Almal was in ‘n gemoedelike stemming. Twee voertuie het ons op wildritte geneem – die veld is geil en die diere spekvet!
Dis moeilik om die diere tussen die lang gras te sien – gelukkig is Hannes en Gercia se oë so ingestel, dat ons niks gemis het nie – kameelperde, swart wildebeeste, springbokke, waterbokke, njalas, rooibokke, takbokke, volstruise en nog meer. ‘n Verrassings-buitjie reën het party van ons bietjie laat nat word, maar ons was alweer droog teen die tyd dat ons lekker honger weggeval het aan die heerlikste potjiekos. Dankie aan almal wat bygedra het om die samesyn so spesiaal te maak! Ons maak weer so. As jy dalk hierdie keer nie kon saamgaan nie, probeer om volgende keer by te wees. Dis beslis die moeite werd!

## BREI ‘N BLOK!

Die 55-Plussers loods ‘n projek om blokkies te brei (of te hekel) om uiteindelik kombersies te maak vir die Kinderhuis en bejaardes in die gemeente. Dis ‘n baie maklike patroon, en of jy nou een of honderd blokkies brei, dit sal bydra tot die projek. Die patroon is beskikbaar by Martie Venter en Christa Snyman. Ons nooi jou uit – word deel van die blokkies-brigade! Die projek sal duur tot die einde van Julie 2011.

- *As jy die geselskap nie kan ophef nie, verlaat dit voordat dit jou verlaag.*
- *Moenie die bakens van jou gewete telkens versit nie.*
- *Die noodlottigste selfmoord is die moord op jou gewete.*



## NAMIBIË UITREIK 2011

Elke jaar het Gereformeerde Kerk Cachet (Potchefstroom se Studente- gemeente) verskeie uitreike wat hulle hou. ’n Besondere uitreik is die buitelandse uitreik wat die dorpie Gobabis in Namibië hierdie jaar vir die vierde keer gaan besoek. Ons besoek die plaaslike sendelinge en gemeentes en help hulle deur Bybelverspreiding, evangelisasie, huisbe- soeke, katkisasie en spesifieke bouwerk waaraan hulle behoefte het.
Die uitreikspan van 2011 verdeel hierdie jaar in twee spanne, waarvan die een span die Drimiopsis gemeenskap (spesifiek die San mense) net buite Gobabis, sal besoek met die doel om die nuutgestigte Gerefor- meerde Kerk Sanveld daar te ondersteun. Die tweede span gaan spesi- fiek met die doel om te bou.

***Die uitreik sal DV plaasvind vanaf 25 Junie tot 5 Julie 2011.***

Met hierdie uitreik fokus ons spesifiek daarop om in die huidige behoeftes van die gemeenskap te voorsien. Daarom versoek ons u vrien- delik om ons te help om die uitreik moontlik te maak en die evangelie aan ander te kan verkondig. Ons benodig dus u ondersteuning deur u gebede en ook deur middel van donasies. Donasies in die vorm van kontant kan oorbetaal word in ons rekening. Ons vra ook skenkings in die vorm van Bybels of kinderboeke in Afrikaans wat ons aan die skool se biblioteek wil skenk.
Byvoorbaat dank!
Kontakpersoon: Amone Roos Sel: 0842057193
21101043@nwu.ac.za

**Bankbesonderhede:**
**Namibië Uitreik Hulpprojekte**
**Rek. nr. 3833 1290 243**
**ABSA, Takkode: 335-138**

**Verwysing: Namibië**
**Faks bewys van betaling na: 018 299 2587**
**2 Korintiërs 9:7** – "Laat elkeen gee soos hy hom in sy hart voorneem, nie met droefheid of uit dwang nie, want God het 'n blymoedige gewer lief"
Saam in Christus se diens.
Willem Vogel / Ronald Bain Voorsitter: Namibië Uitreik Predikant: GK Cachet